**1 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 9:9-13, 18-26**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:13**

## Die Here se roepstem bring bevryding

Die vestiging en uitbreiding van God se koninkryk hier op aarde geskied in die alledaagse lewe van gewone mense. Dit toon die openbare optrede van Jesus duidelik aan ons. Net soos wat die Here vir Abram geroep het (Gen 12) word baie ander mense geroep om in geloof en in gehoorsaamheid koninkryksburgers te word.

In Matteus 9 ontmoet ons onder andere drie mense wie se paaie met Jesus s'n gekruis het. Al drie hierdie mense beleef bevryding. Al drie hierdie mense omhels Jesus in die geloof. Al drie hierdie mense het geleer waaroor die koninkryk van God waarlik gaan.

Die eerste een wat die Koning se bevel hoor se naam is Matteus, die tollenaar. Hy is deur die geestelike leiers van sy tyd as 'n sondaar gereken. Daar is met minagting op hom neergesien, maar Jesus roep hom uit sy sondetoestand uit. Matteus se gehoorsame reaksie bring mee dat Jesus selfs by hom aan huis kom eet. Hy verwelkom sy Here in sy huis, terwyl die Fariseërs Jesus verwerp. Hulle verstaan niks van die koninkryk van die hemele nie.

Die tweede persoon wat ons hier ontmoet se naam word nie vir die leser gegee nie. Sy is bloot maar die vrou met bloedvloeiing. Hierdie siekte het haar onrein gemaak. Dit was vir haar verbode om Jesus aan te raak. Haar geloof dat Hy haar kan genees laat haar egter hierdie grens van die wet oorsteek en sy raak Hom aan. Jesus se mag oor siekte word vir almal sigbaar. Haar oorgawe en vertroue word uit genade beloon.

Die derde mens in wie se lewe ons die Here se heerskappy leer ken is die dogtertjie van die Joodse raadslid. Ook sy geloof beskaam nie. Sy kind word opgewek uit die dood. Dit gebeur vir almal om te sien. Daar waar God Koning is heers die dood nie meer nie.

Sy koninkryk kom!

*Sing Psalm: 86:3, 9* *Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)*